

# Goeie nuus vir sojaboonpryse

Sojaboonproduksie in Suid-Afrika het in die afgelope dekade jaar ná jaar toegeneem. Sodoende het sojabone ontwikkel van 'n betreklik onbeduidende gewas tot een van Suid-Afrika se belangriker landbougewasse.



**E**en van die groot redes waarom sojabone in Suid-Afrika veld gewen het, is die skuif na meer volhoubare boer-

derypraktyke. Sojabone speel 'n sleutelrol as die voorkeurswielbougewas vir die land se mielieboere. Suid-Afrika se sojaboonpers-

vermoë gaan binnekort die land se huidige vermoë om graan te produseer oorskry. 'n Kenner, dr. Erhard Briedenhann, meen dit is goeie nuus vir toekomstige sojaboonpryse. Die stewige prys van sojabone vergeleke met die prys van mielies is dalk die belangrikste rede vir die toename in hektare wat met sojabone beplant word.


Na verwagting sal die hektare onder sojabone in die afsienbare toekoms verder groei.

Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee se eerste produksieskatting is die geskatte oppervlakte beplant met sojabone 502 900 ha, wat 'n afname van 2,63% verteenwoordig van die 516 500 ha wat in die vorige seisoen aangeplant is. Dit is 2,54% minder as die voorlopige opper-

**BO:** Hoewel minder sojabone in Suid-Afrika aangeplant is, lyk dit asof die totale sojaboonoes vanjaar sowat 6% hoër gaan wees as verlede jaar.

vlakteskatting van 516 000 ha. Die produksieskatting van sojabone word beraam op 832 350 ton, wat 6,10% meer is as die 784 500 ton van die vorige seisoen, met 'n verwagte opbrengs van 1,66 ton per hektare.

Volgens die graanverhandelingsmaatskappy Unigrain se aanwysers is in Januarie 52 676 ton sojabone plaaslik verwerk. Dit is sowat 6,2%, oftewel 49 950 ton, meer as in die ooreenstemmende tyd verlede jaar. Vir die 2013/'14-seisoen is 686 402 ton plaaslik verwerk, wat op 'n jaargrondslag 22,2% hoër is. **LBW**



Die sojaboonverwerking op plaaslike markte is op 'n jaargrondslag 22% hoër as verlede jaar.

LINK SEED SOJAS-BIED SOVEEL MEER




ONS SOJAPAKKET VIR JOU GEMOEDSRUS

- |          |          |
|----------|----------|
| LS 6444R | LS 6150R |
| LS 6240R | LS 6261R |
| LS 6146R | LS 6164R |
| LS 6248R | LS 6161R |
| LS 6453R | LS 6466R |



Deel van die Limagrain Groep



REG. NO. 1992/009530/7

Kwaliteit en Diens



Tel: 033 417 1496 / [www.linkseed.co.za](http://www.linkseed.co.za)